

Bylaag H

Kerkordelike Sake ter sprake by die Eenwording van die VGK en die NG Kerk

Deur Schalk du Toit

INLEIDING

In die proses van kerkvereniging is 'n hele aantal kerkregtelike turksvye wat aandag moet verkry. By meer as een van hulle kan die goeie voornemens van kerkvereniging afspring. Daarom is dit noodsaaklik dat daar van die begin af deurlopend aan van hierdie sake aandag gegee word. Hieronder volg 'n lys van die voor die hand iggende probleme.

1. DIE NAAM VAN DIE "NUWE" KERK.

Die kerkmodel waarop uiteindelik besluit word, sal bepaal hoe groot die rol is wat die naam van die "nuwe" kerk gaan speel. Begin die nuwe kerk by samewerkingsooreenkomste en mik dit na 'n federasie van kerke is die naam nie so belangrik nie. Indien dit 'n eenheidskerk is (waar lidmate op geïntegreerde manier by gemeentes inskakel) is meer as net die besluit oor 'n naam vir die kerk hier ter sprake. Dit kan bv nie anders as dat ten minste een van die bydraende kerke van naam verander nie. Vanwee die implikasies verbonde aan 'n naamsverandering is die naam van die nuwe kerk nie iets wat eers agterwee kan bly om later terloops beslis te word nie. Een van die implikasies is die eienaarskap van kerkeiendomme.

2. KERKEIENDOMME

Die NG Kerk se siening dat gemeentes outonoom is, veroorsaak dat gemeentes eienaar van hulle eiendom is. Ringe, sinodes en die Algemene Sinode kan ook eie eiendom besit wat op die betrokke regs persoonlikheid se naam getranspoteer is. 'n Verandering van naam het dus die implikasies dat 1) 'n nuwe transportakte uitgereik moet word; en dat 2) eienaarskap in dispuut kan kom.

2.1 TRANSPORTERING

In die verlede het die regering die kerk tegemoet gekom deur die hertransportasie by wyse van privaatwetgewing af te handel. Die huidige regering het egter reeds by die ontstaan van die VGK laat blyk dat hy nie sy weg daartoe oop sien nie. Om nuwe transportaktes te bekom, gaan die kerk 'n fortuin kos. In die VGK, waar gemeentes,

ringe, streeksinodes en die Algemene Sinode ook elkeen 'n regs persoon is, is met 'n kerkorde-artikel bepaal dat die nuwe regs persoon sy eweknie van die ou bedeling in die NGSK en die NGKA vervang. Die kaart en transport is dus nog op die naam van die kerk in die vorige bedeling.

2.2 EIENDOMSREG

Omdat die NG Kerk nie 'n ontbindingsklousule in sy kerkorde het nie, kan die lidmaat/lidmate wat nie tot die naamsverandering instem nie, aanspraak maak op die eiendomme en verantwoordelikhede van die bestaande kerk. Dit loop onvermydelik op hofsake uit soos gebeur het na die tot standkoming van die VGK.

Die sake onder 1 en 2 genoem, beklemtoon die belang van die proses wat gevolg word om tot eenwording van die kerke te kom. 'n Ondeursigtige proses waarin dit om ander sake as die Koninkryk van die hemel gaan, sal nie net die verwesenliking van die eenheid van gelowiges bemoeilik nie, maar kan die hele eenwording kelder.

3. DIE PROSEDURE VIR EENWORDING

Twee verskillende uitgangspunte vir die proses van eenwording is moontlik. Beide uitgangspunte word bepaal deur die kerkbegrip. Die prosedure wat gevolg word om by een kerk uit te kom, word weer bepaal deur die uitgangspunt.

3.1 DIE ALGEMENE SINODE DIE BESLISSENDE GESAG

Indien die Algemene Sinode beskou word as die liggaam met die beslissende gesag in die kerkstruktuur, is die proses redelik eenvoudig. Daar word slegs 'n besluit (hetsy meerderheid of tweederdemeerderheid) van die verskillende Algemene Sinodes oor die sake rakende die eenwording verlang om die nuwe kerk tot stand te bring. In hierdie geval is die gevaar groot dat die lidmate, gemeentes, ringe en sinodes nie in die besluitneming meegebring word nie en dat daar later meer kerke is as wat oorspronklik verenig het.

Met die eenwording van die NGSK en die NGKA is hierdie proses gevolg en het die

aanvanklike hofsaak oor die eenwording die VGK gelyk gegee: die Algemene Sinode se beslissing is bindend op die hele struktuur van die kerk. In die daaropvolgende appélsaak (Saaknr 536/96) het die regters anders beslis.

3.2 KERKWEES SETEL IN DIE GEMEENTE

In hulle uitspraak stel die regters dit duidelik dat die Algemene Sinode nie in alle sake namens die hele kerk praat nie omdat dit in die kerk nie eenvoudig om 'n meerderheidstem gaan nie. Die regte van minderhede is verskans. Daarom het die NG Kerk sy Artikel 44 wat 'n bepaalde prosedure voorskryf waarvolgens die belydenis van die kerk verander moet word voordat dit kan gebeur. Die proses in Art 44 voorgeskryf, kry nie net die toestemming van die grootste meerderheid nie, maar is in so 'n mate deursigtig dat dit byna alle lidmate oor die aangeleentheid ken. (Die NG Kerk het met Kerk en Samelewing geleer dat 'n blote besluit van die Algemene Sinode nie ja en amen op 'n saak is nie).

By implikasie beteken dit vir die NG Kerk dat 'n hele proses sal moet plaasvind voordat dié kerk kan ontbind om in 'n nuwe kerklike struktuur saamgevoeg te word. So 'n proses kan dalk baie lank neem, maar het waarskynlik 'n beter kans om al die lidmate saam te neem.

4. DIE BELYDENISGRONDSLAG

Die eenheid van 'n kerkgemeenskap berus in die gemeenskaplike geloofsoortuiging. Die struktuur van die kerk ontstaan om en uit hierdie gemeenskaplike geloofsoortuiging. Die struktuur is tot 'n mate bepaal deur tyd en omstandighede, terwyl die geloofsoortuiging die hart van die gemeenskap vorm. Tussen die VGK en die NG Kerk vorm die Belydenis van Belhar die verskilpunt in geloofsoortuiging. Die plek van die Belydenis van Belhar moet helder uitgeklaar word voordat kerkvereniging tussen die twee kerke 'n werklikheid kan word.

Kerkregtelik is die eenstemmigheid in belydenis die hoofsaak vir kerkvereniging. Indien daarvoor eenstemmigheid verkry word, is die ander probleme bloot net struikelblokke wat gesamentlik oorkom moet word. Indien eenstemmigheid nie oor die belydenis bereik word nie, bly dit 'n ons teenoor julle situasie.

5. DIE KERKORDE

Indien sake genoem in 1 tot 4 bevredigend hanteer word, sal die vasstelling van 'n kerkorde vir die nuwe kerk 'n aangename

avontuur wees. In 'n sin is die kerkorde dan die praktiese vergestaltung van al die ooreenkomste wat bereik is. Indien van die genoemde sake eers by die vasstelling van die kerkorde besleg moet word, skep dit talle geleenthede vir die eenheidsproses om te ontspoor. Sake soos lidmaatskap, eiendom, teologiese opleiding, traktement, pensioen, ens beskik almal oor die potensiaal om groot onvrede te veroorsaak.

In die proses na eenwording toe behoort die konsepkerkordes, en ten minste die knelpunte daarvan, vroegtydig die nodige aandag te kry. Watter gewig die onderskeie knelpunte dra, hang ten nouste saam met die model van eenheid waarop uiteindelik besluit word.

6. MODELLE VIR DIE "EENHEIDSKERK"

Die mate waarin sake genoem in 1 tot 5 ter sprake gaan kom, hang saam met die model waarvolgens kerkeenheid ingerig gaan word. Hier volg 'n paar moontlikhede.

6.1 Die onderskeie algemene sinodes bly bestaan en vaardig verteenwoordigers af na 'n oorkoepelende sinode - Federale model.

6.2 Die onderskeie streeksinodes (van die tans verskillende kerke) vaardig verteenwoordigers af na 'n gesamentlike algemene sinode.

6.3 Gemeentes en ringe bly soos dit is en vorm eenheidstreeksinodes.

6.4 Gemeentes vaardig verteenwoordigers af na 'n eenheidsring - met die gedagte dat gemeentes kan amalgameer en integreer.

In die keuse tussen die verskillende modellesal met 'n paar sake rekening gehou moet word. Die eerste is dat van die onderskeie streeksinodes (samestellende kerke) van die NG Kerk se Algemene Sinode aangedring het op die invoeging van Artikels 36 en 37 van die Kerkorde van die NG Kerk. Daarin is sekere belange verskans en die moontlikheid ingebou dat 'n streeksinode die verband van die Algemene Sinode kan verlaat en nog voortbestaan as NG Kerk van bv die Vrystaat.

Die tweede is dat die eenwording van die VGK en die NG Kerk 'n voorpel is vir die eenwording van die Familie van NG Kerke. Die RCA en die NGKA het waarskynlik behoefte aan 'n ander model vir kerkeenheid wat nie in die huidige proses gehoor word nie. 'n Kerkmodel vir eenheid in RSA wat die onderskeie etnisieste

wil akkomodeer sal buigsaam moet moet wees. So kan bv beide die modelle in 6.2 en 6.4 genoem as 'n en/of as moontlikheid gestel word.

7. AANBEVELING

Met die besef dat sommige haastig is dat die Familie van NG Kerke spoedig moet verenig, maar ook bewus van struikelblokke in die proses van vereniging (soos in 1 tot 5 genoem), is dit my oortuiging dat die saak nie onproduktief kan sloer en dan skielik oorhaastig afgehandel word nie.

Ek (ons) beveel aan dat

7.1 meer inhoud en momentum aan die Konvent gegee word;

7.2 taakspanne uit die Konvent opdragte kry
- soos bv die 6 punte genoem in hierdie verslag
- en oor ander sake wat mag opduik;

7.3 die Konvent in gesprek met sy samestellende sinodes die grondwerk doen, die bestuur van die proses beplan ;

7.4 en met samewerkingsaksies die kerkverenigingsproses op die regte spoor plaas.